Vrydag **2 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:8-20 (AFR33/53)**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:10, 11**

**Goeie nuus van groot blydskap!**

Na Jesus se geboorte (Luk. 2:1-7) breek die laaste van drie geleenthede aan waarby sy geboorte aangekondig word (Luk. 2:8-20). As iemand in die antieke wêreld sou vra of daar ’n belangriker persoon as die keiser is, sou die antwoord sekerlik “nee” gewees het. Tog is dit die geboorte van ’n seuntjie in ’n plattelandse Judese dorpie wat veroorsaak dat die engele in lofprysing uitbars. Die meeste koninklike figure se geboortes gaan gepaard met groot seremonies en feesvieringe. Maar Jesus se geboorte is nederig, en tog is dit hieroor dat die hemel sing.

Die engel bring die goeie nuus van groot blydskap vir die volk. Die inhoud van hierdie goeie nuus is die seuntjie (2:11). Vandag is vir julle, in die stad van Dawid (soos God dit belowe het, in Miga 5) gebore:

- Die Saligmaker. Die titel weerspieël die roeping van Jesus om die uitverkorenes te verlos (1:46-55, 67-79).
- Die Christus. Die Ou-Testamentiese Messias verwys na die een wat die volk gaan regeer en vrede gaan bring. Hieruit sien ons God se getrouheid aan sy belofte om die gesalfde te stuur.
- Die Here. Dit is Hy vir wie selfs die grote koning Dawid Here genoem het (Ps. 110). Dit beskryf Jesus se heersersmag en gesag (Ps. 2). As Here sal Hy sy mag oor die sonde en bose wys deur dit te oorwin in sy sterwe en opstanding. Later sal die titel verwys na die soewereiniteit wat Jesus besit as die een wat verlossing bring (Luk. 20:41-44; Hand. 2:33-36; Fil. 2:9-11).

Die inhoud van Lukas 2 aangaande Jesus Christus se geboorte is vir ons goed bekend. Die vraag is egter of die diepte daarvan al by ons inslag gevind het? Indien wel, sal daar getuienis en lofprysing daaruit voortvloei (2:17, 20). Mag ons opnuut in verwondering wees oor Jesus Christus, die Saligmaker, die Christus, die Here, maar ook ons Saligmaker, ons Christus en ons Here.

*Sing: Skrifberyming 4-4 (Ou Sb. 4):3, 4*

*Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)*